# Die Ligdraer

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom

**11 Februarie 2024**

# Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as 'n biddende gemeente wat

- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS



**Stilte**
**Votum**
**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Psalm 33-1:5,6
**Geloofsbelydenis:** Twaalf Artikels
**Die Wet van die HERE**
**Gebed**
**Skriflesing:** Handelinge 8:1b-8
**Sing:** Psalm 46-1:3,6
**Fokus:** Handelinge 8:1b-8
**Preek:**





**Tema:**
*Die kerk word vervolg, maar God se koninkryk brei uit.*

**Gebed**
**Diens van barmhartigheid**
**Sing:** Skrifberyming 14-1:1,2,3
**Wegstuurseën**



**Afkondigings**

**KOLLEKTES:**
Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: Dankbaarheidsfonds.

**DIENSBEURT:**
Vandag: Wyk 4
18 Februarie: Wyk 5
25 Februarie: Wyk 6



**TEE/KOFFIE VOOR EN NA DIE EREDIENS:**
Daar is tee, koffie en koeldrank voor en na die erediens in die groot saal beskikbaar. Alles word daar reggesit en dan kan lidmate hulleself help.



**KATKISASIE:**
Tydens die erediens (net na die Skriflesing en voor die preek) is daar katkisasie vir die voorskoolse kinders. Graad 1-11 se katkisasie is na die erediens.

**BYBELSTUDIE :**
Vanmiddag om 17:00 by die kerkgebou. Ons gaan vandag voort met die reeks oor die boek Handelinge. Almal is hartlik welkom om dit by te woon of elektronies deur middel van Google Meet in te skakel. Die skakel daarvoor is: https://meet.google.com/ows-zxpb-ovb

**GKSA EN ONS TEOLOGIESE OPLEIDING (2)**
WAAROM DIE KURATORE MOES OPTREE
Indien die kuratore vanaf Sinode 2018 niks gedoen het nie, sou tot en met 2023 geen gesprek met die NWU kon plaasvind nie. Terwyl die NWU baie duidelike geluide gemaak het om die 2006-Ooreenkoms te beëindig. Hiervoor geld 'n 3-jaar wedersydse kennisgewingtydperk.
Indien die NWU in 2019 wel daartoe sou oorgaan, beteken dit dat daar einde 2022 geen ooreenkoms tussen die NWU en die GKSA meer bestaan nie. Ons sou 2023 ingaan met die volgende twee werklikhede:

- Leermateriaal waarop die NWU besluit, word aan ons kandidaatstudente onderrig. Ons belydenisgrondslag kan in gedrang kom.
- NWU kan enige dosent in die Fakulteit aanwys om aan kandidaatstudente onderrig te gee. Dit kan die deur oopmaak dat persone, teen die belydenisgrondslag van die GKSA, onderrig gee.

Vir die kuratore was en is hierdie twee punte ononderhandelbaar. Sowel inhoud as dosent bly gebonde aan die kerke se belydenis.
Binne die besluit van Sinode 2018 waarin die kuratore die noodsaak ooreenkomstig die regulasies van die Raad op Hoër Onderwys (RHO) moes vasstel, moes die kuratore optree.
Want die kuratore het as opdrag: die voorsiening vir, die sorg van en die toesig oor die diens van predikantsopleiding (Prospektus TSP, 2014).
Ook moet die kuratore sorg dra vir die beroepe professore. Dit sluit in hulle beskerming as personeel van die NWU sodat hulle steeds hulle roeping kan uitvoer binne hulle ondertekeningsformulier (waarmee hulle hulself tot die gereformeerde belydenis verbind).

Ja, die kerklike opleiding sou sonder ooreenkoms met NWU (of enige ander tersiêre instelling) kan voortgaan. Hiervoor het die GKSA al van die beginjare 'n Teologiese Skool opgerig.
Sedert 1882 was dit ook vir die kerke belangrik dat die opleiding akademies gegradeer word. Opleiding moes van 'n hoë standaard wees. Wat in 1882 die eerste tree was van 'n akademies kwalifikasie by die Gill Institute in Somerset-Oos, later jare die graadstudie by UNISA, het sy voetstappe geplaas in 'n ooreenkoms tussen die GKSA en die PU vir CHO in 1945 en toe die ooreenkoms tussen die GKSA en NWU in 2006.
Met die verwikkelinge na 'n Institusionele Oudit van die NWU deur die RHO in 2015 was dit baie duidelik: die pad vanaf 1945 is nie meer vir die voete van die GKSA beskikbaar nie.
Om met die werklikhede wat aan die ontwikkel was, niks te doen nie en te wag dat die kerke in Sinode 2023 moes gaan besin oor 'n pad vorentoe, sou én ons beroepe professore én ons kandidaat studente aan risiko blootstel. Waarin die kuratore oordeel dat die belang van kerke gedien moet word. Want die opleiding word uiteindelik in die kerke bedien.
Daarom het die kuratore aktief, en in sekere opsigte, pro-aktief opgetree. Ons teologiese opleiding in amp en akademie moes bly binne die Bybel en die belydenis. Daarom die GTA, waaroor die kerke toe saam in Sinode 2023 besluit het.



# Ek Verjaar!



Die volgende lidmate verjaar tot 17 Februarie 2024

| | | |
|---|---|---|
| 7 Februarie | Daleen Marais | 079 226 8825 |
| 12 Februarie | Tilla Volschenk | 076 096 3907 |
| 14 Februarie | Janet-De Ru | 064 917 7030 |
| 15 Februarie | Gert Engelbrecht | 082 868 6496 |
| 16 Februarie | Cindy Mulpeter | 082 857 1452 |
| 16 Februarie | Maryna Steyn | 072 053 3359 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

**LIEF EN LEED:**

- Ons vra voorbidding vir lidmate wat siek is of in die hospitaal is of ander beproewings beleef, waarvan ons nie weet nie.
- Br. Ben Pieters (082 402 2818) se broer Deon het 'n beroerte gehad en is tans baie kritiek. Ons vra voorbidding vir hom.
- Ons dink as gemeente aan Riebeeckstad Hoërskool na die busongeluk Dinsdag waarin ses leerders dood is. Ons dink in ons gebede aan die ouers en familie van die kinders wat oorlede is. Ons dink ook aan die kinders wat nog in die hospitaal is. Verder dink ons aan die onderwysers en almal in die gemeenskap wat by Riebeeckstad Hoërskool betrokke is.

**GEMEENTE-ETE MET NAGMAAL OP 18 FEBRUARIE:**
Op Sondag 18 Februarie is daar weer 'n gemeente ete na Nagmaal. Wyk 1 (Cindy Mulpeter), Wyk 2 (Wanda Wasmüth) en Wyk 3 (Isa Biewenga) is verantwoordelik vir die gaarmaak van die vleis en nagereg. Dit is R50 per volwassene en R30 vir kinders bo 12 jaar, kleuters eet verniet. Elke gesin moet 'n slaai, eetgerei (uitsluitend nagereg bakkies) bring asook eie drinkgoed. Getalle moet vandag (11 Februarie) bevestig word.

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**

**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**



**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

**Kontaknommers en besonderhede:**
Predikant: Ds JL van der Schyff (083 995 0380) dominee@gkwelkom.co.za
Skriba: Marthie van der Schyff (072 336 4266) skriba@gkwelkom.co.za
Attes Skriba: Frank Korb (076 312 7581) attesskriba@gkwelkom.co.za
Koster: Flip Kotze (083 388 0249) koster@gkwelkom.co.za
Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251) kassier@gkwelkom.co.za
Orrelis:
Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447/060 366 0166)
Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266) diakonie@gkwelkom.co.za
Kantoor: Vrydag 08:00 - 13:00 (060 366 0166) admin@gkwelkom.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/GKWelkom/
**Webbladsy:** www.gkwelkom.co.za

**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**



# Net 'n Gedagte

***Wat moet ek doen***
***om gered te word?...***
***Glo in die Here Jesus Christus***
***en jy sal gered word,***
***jy en jou huisgesin.***
***~ Handelinge 16 v 30-31 ~***